

# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**17 MEI 2026**

## Johannes 20: 19 - 31

**Open**

**Glo dit of nie...**

**Het iemand al vir jou 'n storie vertel, maar jy het getwyfel of dit waar is? Byvoorbeeld: Iemand het gesê dat hulle 'n vis gevang het en dat die vis SO groot was. Dalk sou jy dit geglo het as jy 'n foto gesien het, maar sonder bewyse is dit moeilik om dié storie te glo.**

**Hier is 'n paar stellings kies of jy dit glo of nie glo nie.**

**- Glo jy dat pikkewyne tandepasta van 2 km ver af kan ruik? Glo julle dit of nie? (Dit is vals)**

**- Glo jy dat in Tokio, Japan, dit vinniger is om met 'n fiets as met 'n kar te ry wanneer jy kort afstande moet ry? Glo julle dit of nie? (Dit is waar)**

**- Glo jy dat die sebra die vinnigste dier op die aarde is? Glo julle dit of nie? (Dit is vals)**

**- Glo jy dat olifante op hulle tone loop en trap? Glo julle dit of nie? (Dit is waar)**

**- Glo jy dat vlermuise die enigste soogdiere is wat kan vlieg? Glo julle dit of nie? (Dit is waar)**

**Soms is dit moeilik om dinge te glo wat ons nie kan sien nie of dalk is dit moeilik om 'n storie te glo a.g.v. wie dit vir ons vertel het. As iemand wat betroubaar is dit vir ons vertel, glo ons dit maklik, maar soms kort ons 'n bietjie meer oortuiging.**

**Tomas gesukkel het om te glo sonder om te sien.**

Lees die teks

**Johannes 20:19-31**

**Gesels saam**

**1. Hoekom dink julle het Tomas nie geglo het dat Jesus werklik uit die graf opgestaan het nie.**

**2. Hoekom het hy ook nie die dissipels geglo toe hulle hom dit vertel het nie?**

**3. Glo jy dat Jesus uit die graf opgestaan het, sonder om dit met jou eie oë te kon gesien het?**

**4. Watter vorm neem jou twyfel aan? Is dit intellektueel, emosioneel, of uit teleurstelling?**

**5. Hoe het Jesus jou al ontmoet in jou twyfel?**

**Laaste gedagtes oor twyfel**

**Tomas, ook genoem Didimus, was afwesig toe Jesus verskyn het. Die dissipels het aan hom getuig: "Ons het die Here gesien." Maar hy het geantwoord "As ek nie die merke van die spykers sien… sal ek nooit glo nie."**

**Wat leer ons hier?**

- **Twyfel is nie ongeloof nie; dit is 'n soeke na sekerheid.**
- **Tomas vra nie vir 'n wonderwerk nie—hy vra vir dieselfde ervaring wat die ander reeds gehad het.**
- **God veroordeel nie eerlike twyfel nie; Hy ontmoet dit.**

Afsluiting

**Tomas se verhaal is nie die verhaal van 'n "twyfelaar" nie—dit is die verhaal van 'n mens wat eerlik soek, en van 'n God wat Homself gewillig openbaar. Johannes 20:24–31 nooi jou om dieselfde pad te stap: van vrae na ontmoeting, van ontmoeting na belydenis, en van belydenis na lewe. Lees hierdie gebed 3 keer hardop saam.**

**Here Jesus, U ontmoet my waar ek is.**
**U verander my twyfel in geloof.**
**U is my Here en my God.**
**Ek glo, en in U Naam het ek lewe.**
**Amen**